

Wat is 'n mediese noodgeval?



medihelp

120⁺
JAAR

'n Mediese noodgeval is 'n skielike en onverwagse gebeurtenis wat onmiddellike mediese of chirurgiese behandeling vereis om jou gesondheid te beskerm, en waar versuim om mediese of chirurgiese behandeling te verskaf jou liggaamsfunksies ernstig kan aantas, die wanfunksionering van 'n orgaan of liggaamsdeel kan veroorsaak of jou lewe in gevaar kan stel.

Trauma

Jy het dekking vir trauma wat hospitalisasie vereis soos in die geval van:

- Motorongelukke;
- Brandwonde;
- Steekwonde;
- Skietwonde; en
- Nabootstellingsprofilakse vir MIV/Vigs.

Indien jy noodvervoer benodig, skakel:

Netcare 911: 082 911

Vir algemene navrae:

- Rekeningnavrae:
0860 638 2273
- E-pos:
customer.service@netcare.co.za

Wat word gedek?

- Netcare 911-vervoer per ambulans of helikopter in Suid-Afrika, Lesotho, Eswatini, Zimbabwe, Mosambiek, Namibië en Botswana (alle planne)
- Buite die bevoordeelde se land van herkoms per padvervoer – 100% van die MT R2 600 per geval (nie beskikbaar op MedMove! nie)
- Buite die bevoordeelde se land van herkoms per lugvervoer – 100% van die MT R17 700 per geval (nie beskikbaar op MedMove! nie)
- Die hospitaalrekening
- Die dokter, narkotiseur en ander goedgekeurde gesondheidsorgverskaffers se rekeninge

Medisyne wat by 'n noodeenheid voorgeskryf en geresepteer word

Indien die dokter by die noodeenheid akute medikasie voorskryf, sal Medihelp die medikasie uit die medisynevoordeel betaal soos in die Ledegids uiteengesit.

Medihelp dek generiese medikasie teen 100% van die maksimum medieseskematarief (MedMove! uitgesluit).

MedAdd, MedSaver, MedPrime en MedElite

Medisyne word eers uit die spaarrekening en dan uit die dag-tot-dag-voordele of voordeel vir akute medisyne betaal.



Noodhospitalisasie

Jy moet Medihelp binne 72 uur van 'n noodhospitaalopname inlig. Bevestig met die hospitaal dat Medihelp ingelig is of skakel Medihelp by 086 0200 678 met die volgende inligting:

- Jou Medihelp-lidnommer;
- Die pasiënt, dokter en hospitaal se besonderhede;
- Diagnose- en prosedurekodes; en
- Datum en tyd van opname.

Noodgevalle kan vir VMV kwalifiseer

Mediese noodgevalle wat vir voorgeskrewe minimum voordele (VMV) kwalifiseer, word teen 100% van die koste gedek. Indien die noodgeval nie vir VMV kwalifiseer nie, geld beskikbare voordele vir hospitalisasie en behandeling deur 'n dokter en ander gesondheidsorgverskaffers.

MedReach en MedMove!

Medisyne moet by 'n apteek in Medihelp se voorkeurapteeknetwerk gekry word.

Let wel

- Gesondheidstoestande wat nie as noodgevalle kwalifiseer nie, word uit die beskikbare dag-totdag- voordele.
- Fasiliteitsfooie wat dokters by noodeenhede hef, word nie gedek nie.

medihelp.co.za

Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP no 15738)

